

Hoop vir ma's

Marlise Howell

Ek is baie opgewonde om hierdie verhaal met al die dapper, toegewyde ma's daar buite te deel wat babas met ontwikkelingsagterstande versorg.

Kelechi is net na geboorte met serebrale verlamming gediagnoseer. Die dokters het vermoed dat hy 'n mate van breinskade opgedoen het as gevolg van 'n gebrek aan suurstof tydens die gevaling. Ma en pa het egter geweier om hierdie diagnose te aanvaar en het alles in hul vermoë gedoen om Kelechi te help sterk word en sy ontwikkeling te stimuleer.

Teen die tyd dat ek hom ontmoet het, het hy reeds sommige van sy mylpale bereik, maar hy was baie ver agter by ander kinders van sy ouderdom. Na hul besoek aan my moes Kelechi en sy ouers baie huiswerk doen – die heel belangrikste was die BabaGim-massering.

Na baie ure van harde werk en toewyding van sy ouers se kant, het ek eendag 'n opgewonde e-pos van sy ma gekry. Kelechi het pragtig gevorder tot op die punt dat hy sonder hulp kon regop sit. Hy was ook liggaamlik baie bedrywig. Beheerde BEWEGING is 'n baie goeie teken!

'n Paar dae later het ek nog 'n e-pos van Kelechi se ma gekry. Hier is 'n uittreksel daaruit:

“Jy sal nie glo wat vandag gebeur het nie. Ons het Rooi Kruis Kinderhospitaal toe gegaan vir sy normale opvolgondersoeke, waar die vierde dokter bevestig het dat Kelechi definitief nie aan serebrale verlamming ly nie. Die dokter het Kelechi se mediese verslag gelees en dit toe opgesom deur te sê die dokters is nie meer seker wat Kelechi se probleem is nie, maar hy is beslis nie serebraal verlam nie. Hy het 'n bloedmonster geneem en dit weggestuur om te laat toets – ons sal die uitslae volgende Maart kry. Volgens hom moet ons ook 'n MRB-skandering laat doen. Hy sê hy dink die uitslag van die breinskandering was nie akkuraat nie, daar moet 'n fout iewers wees omdat Kelechi glad nie soos 'n kind met serebrale verlamming optree nie en geen simptome het van 'n baba wat nie genoeg suurstof gekry het tydens geboorte nie.”

Soli Deo Gloria! – Aller eer aan Hom!

Ons is saam met Kelechi en sy ouers bly oor die wonderlike nuus en hoop saam met hulle dat sy toestand vorentoe net aanhou verbeter.

